

12 Januarie Efesiërs 1:15-23 (Teks: 1:16b en 17)

Die Heilige Gees stel God bekend

Die Heilige Gees is ons groot Leermeester. Daarom het God ook sy Heilige Gees aan ons gegee: om Hom aan ons bekend te stel.

Wat is nou die kennis wat die Heilige Gees aan ons meedeel; wat leer Hy ons? Ons teksvers sê die Heilige Gees konsentreer besonderlik daarop om ons in staat te stel om God werklik te ken.

Hoe doen die Heilige Gees dit? Ons teksvers sê dat God deur sy Heilige Gees aan die gemeente van Efese, en aan al sy kinders, wysheid gee en Hom só openbaar dat hulle Hom werklik kan ken.

Hoe geskied hierdie openbaring? Wat God van Homself aan die mens wou bekendstel, het Hy in die Bybel deur die Heilige Gees laat neerskryf. Ons kan nie meer van God weet as wat daar in die Bybel staan nie. Alles wat ons van God moet weet, staan in die Bybel. Méér as dit het ons nie nodig vir ons saligheid nie.

Daarom moet ons God se Woord daaglik ernstig, biddend en grondig ondersoek – in ons binnekamers, met huisgodsdienste en huiskatkisasie. Ook in groepsverband by Bybelstudiekringe. Maar veral elke Sondag moet ons saam met die gemeente luister na die lewende verkondiging van God se Woord. Dan stel die Heilige Gees, die eintlike Skrywer van die Bybel, God aan ons bekend sodat ons Hom waarlik leer ken in sy ontfermende liefde en genade in Jesus Christus. En hoe nodig het ons nie almal hierdie kennis nie!

Want, om God te ken ís die lewe!

Sing: Skrifberyming 27:4
Wonderboom-Suid)

Ds. K. van Niekerk (Pretoria-